

Hoe om u eie Groente te Kweek

Die Basiese Beginsels – Pamflet nr. 1



Kry slegs u saailinge wanneer jou bed gereed is vir plant

WAT JY NODIG HET

- a) 'n stuk grond wat minstens die helfte van die dag sonlig kry
- b) 'n Heining, stokke of selfs lemoensakke om diere uit te hou
- c) Water en 'n graaf. En indien moontlik 'n vurk en 'n hark



BEGIN MET 'N EENVOUDIGE BED EN MIS

- a) Maak die bed skoon en verwyder alle onkruid en klippe
- b) Spit die grond los so 30 cm diep of 1 graafkop diep
- c) Gooi 2 emmers mis oor die bed vir elke 2 vierkante meter grond = ongeveer so groot soos 'n deur. Meng die mis deeglik met die grond en sorg dat daar nie groot klonte is nie
- d) U kan vark-, hoender-, koei- en perdmis gebruik. Water dit goed nat.



OF GEBRUIK DIE SLOOTBED METODE


Vir langtermynverbetering van die grond kan u 'n sloopbed grawe

- a) Grawe die boonste 30 cm (1 graafkop diep) bogrond los en gooi langs die bed
- b) Grawe die volgende 20 cm ondergrond uit en plaas die grond op ander kant van die bed
- c) Voeg 'n laag afvalmateriaal gras, onkruid, groenteskille, blare en mis by. Voeg nou die helfte van u ondergrond by en herhaal
- d) Doen dieselfde met die bogrond, sodat u vier lae afval tussen die grond het.



BESLUIT OOR RUIMTE TUSSEN PLANTE


Elke plant het genoeg ruimte nodig om te groei en elke plant is verskil



HOE OM TE PLANT EN WATER TE GEE

Dit is die beste om vroegoggend of laatmiddag te plant terwyl dit koel is


- Maak die gate vir die saailinge met die ruimtes tussen hulle soos hierbo getoon. U kan selfs die plante meng - hulle hou daarvan.
- Lig die plant versigtig uit die houer deur die blare vas te hou.
- Plaas die wortels in die gat en maak seker dat dit diep genoeg is dat die wortels reguit af hang.
- Druk die grond versigtig terug in die gat en druk die grond vas rondom die saailing.
- Maak die saailinge nat en bedek die grond rondom. Plaas dooie blare, gras en strooi bo-op om die grond teen die son te beskerm en klam te hou.
- Water u saailing elke 2 dae vir die eerste 3 weke en daarna twee keer per week.



TEEMIS

Jou saailinge het voedsel nodig en teemis is 'n goeie manier om hulle te voed

- U benodig 'n emmer (5 tot 25 liter) en genoeg mis om die bodem 20% te vul.
- Plaas die mis onder in die emmer, vul dit met water en roer deur.
- Bedek jou trommel en roer dit elke dag vir twee weke.
- Meng dit: 1 liter van die vloeistof met 5 liter water as dit gereed is.
- Gebruik 'n emmer en water die plant een keer per week met die Teemis



Vir meer advies skakel: Shireen 0721302208 (Bereaville), Riaan 0743340798 (Boesmanskloof / Heuwelkroon)
Lionel 0843605649 (Voorstekraal), Lizzan 0763054172 (Genadendal), Gay 0844347702 (Ecolodge)